# OORSIG VAN DIE REGULASIE OP VRYSTELLING VAN NASIONALE MINIMUM LOON (NML)

## INLEIDING EN DOELWIT

Die Wet op Nasionale Minimum Loon van 2018 (WNML) het 'n nasionale minimum loon (NML) ingestel. Skedule Een van die WNML is hersien en vanaf 1 Maart 2021 tree die volgende nasionale minimum lone in werking: R21.69 per uur vir elke gewone uur gewerk. Hierdie bedrag is ook van toepassing op plaaswerkers en hierdie kategorie sluit persone in wat aangestel is as huiwerkers op 'n plaas of 'n bosbou omgewing, asook sekuriteitswagte op 'n plaas of ander landboupersele. Sekuriteitswagte aangestel in die privaat sekuriteitsbedryf in terme van die Wet op die Regulering van die Privaat Sekuriteitsbedryf, 56 van 2001, is uitgesluit van hierdie kategorie.

Die NML tarief vir ander huiswerkers (insluitend 'n tuinier; 'n persoon aangestel deur 'n huishouding om 'n voertuig te bestuur; 'n persoon aangestel om kinders, bejaardes, verswaktes, siekes of gestremdes te versorg en huiswerkers aangestel of veskaf deur 'n indiensnemings agentskap) is R19.09 per uur en vir persone aangestel op die Uitgebreide Program vir Openbare Werke, is die tarief R11.93 per uur.

Die Wet maak voorsiening daarvoor dat 'n werkgewer kan aansoek doen vir vrystelling van die betaling van die volle NML.

Regulasies rakende vrystellings was gepubliseer op 19 Desember 2018. Dit bepaal die proses en formaat vir die aansoek om vrystelling, die inligting wat verskaf moet word, die vereiste dat die werkgewers moet konsulteer en die bekostigbaarheids toets. Die Regulasies bepaal ook die periode van vrystelling en die proses waardeur vrystelling herroep kan word.

## WAT IS VRYSTELLING?

Die Regulasies maak nie voorsiening vir totale vrystelling nie, maar verleen 'n maksimum van 10% korting op die voorgeskrewe tarief bv. R21.69 per uur tot R19.52 per uur vir werkgewers wat kwalifiseer. 'n NML van R19.52 beteken 'n maandelikse loon van R3357.44 in plaas van R3730.68, gebaseer op 'n 40-uur werk week.
Die voorgeskrewe NML vir huiswerkers van R19.09 per uur kan dus verminder word tot 'n minimum van R17.18 per uur indien vrystelling aan die huishouding toegestaan word.

Vrystelling kan slegs toegestaan word vanaf die datum van die aansoek tot vrystelling en is beperk tot 'n maksimum van 12 maande.

## WIE MAG AANSOEK DOEN?

'n Werkgewer of sy/haar geregistreerde werkgewersorganisasie mag aansoek doen om vrystelling. Veelvuldige aansoeke deur werkgewersorganisasies namens al hul lede word egter nie togelaat nie. Aansoeke vir lede moet individueel hanteer word.

## HOE OM AANSOEK TE DOEN

'n Werkgewer, of 'n werkgewersorganisasie verteenwoordiger, moet die aansoek aanlyn op die Nasionale Minimum Loon Vrystelling stelsel vaslê. Die stelsel is aanlyn beskikbaar by https://nmw.labour.gov of by enige Departement van Indiensneming en Arbeid kantoor.

Die stelsel sal inligting benodig soos die werkgewer se besonderhede, insluitend die SAID (belasting) nommer, bedingingsraad besonderhede en bindende kollektiewe ooreenkomste. Die volgende inligting word deur die stelsel vereis:

- Inkomste- en Uitgawestate
  Besighede:
  - Finansiële state (Inkomste Staat: huidige jaar vooruitskattings en twee vorige jare)
  - State van inkomste en uitgawes (balanstaat)
  - Besonderhede van waardevermindering, verliese afskrywings, dividende, ens.

  Private Huishouding:
  - Finansiële state (Inkomste en uitgawes, insluitend onderwys-, voedsel-, vermaak-, reis uitgawes)
  - State van inkomste en uitgawes (balanstaat)
- Werknemers se werksure en loonstate
- Bewyse van konsultasie met aangewese vakbond verteenwoordigers of, indien geen vakbond teenwoordig is nie, die werknemers wat geraak word.

Vrystelling sal slegs oorweeg word indien die werkgewer bevestig het dat statutêre verpligtinge insluitend die Werkloosheidsversekeringsfonds, Vergoedingsfonds en Bedingingsraad Ooreenkomste, nagekom is.

Die werkgewer moet die aansoek elektronies aflaai vanaf die webtuiste en 'n afskrif daarvan voorsien aan die Bedingingsraad, aangewese geregistreerde vakbond en werkers wat geraak word.

## TOETS OM VIR VRYSTELLING KWALIFISEER

Vrystelling sal slegs goegekeur word indien die gedelegeerde owerheid (die Direkteur-Generaal van die Department van Indiensneming en Arbeid of gedelegeerde beampte) tevrede is dat:

- die werkgewer nie kan bekostig om die minimum loon te betaal nie; en

# OORSIG VAN DIE REGULASIE OP VRYSTELLING VAN NASIONALE MINIMUM LOON (NML)

- die werkgewer konsulteer het met elke aangewese vakbond in die werkplek en, indien daar geen vakbond is nie, die werkers wat geraak word.

Die Regulasies skryf 'n reeks toetse voor wat maatskappye kan gebruik om te kwalifiseer vir vrystelling van die NML, gebaseer op winsgewendheid, likiditeit en solvensie.

Die vertrekpunt vir goedkeuring van vrystelling is om te bepaal hoeveel meer die NML die werkgewer gaan kos. Die volgende stap is om te bepaal of die werkgewer daardie verhoging kan bekostig.

As vertrekpunt sal vrystelling goedgekeur word indien die werkgewer sy besigheid teen 'n verlies bedryf.

Winsgewende maatskappye kan ook vrygestel word indien hulle winste – soos bereken deur die voorgeskrewe formule – onder 6% is en hulle ook 'n reeks toetse rakende hulle finansiële sterkte of solvensie slaag.

Solvensie toetse bepaal die maatskappy se bates. Indien daar 'n vermindering in die bates was, sal vrystelling toegestaan word. Indien daar 'n styging in bates was, sal 'n skuld-tot-bates verhouding bepaal word. Indien die verhouding meer as 50% is (wat beteken dat meer as 50% van die bates behoort aan die krediteure) sal vrystelling toegestaan word. Indien die verhouding minder as 50% is, sal vrystelling geweier word.

Maatskappye met 'n winsgrens hoër as 6% kan steeds vir vrystelling kwalifiseer indien hulle kan bewys dat die nuwe verhoogde loon verliese sal veroorsaak. Hiervoor moet die Likiditeits toets gedoen word. Totale likiditeits bates soos debiteure, voorraad en ander huidige bates word vergelyk met die bank oortrekkingsgeskiedenis. Indien die bates die oortrokke fasiliteit kan dek, sal vrystelling geweier word.

Daar bestaan afsonderlike toetse vir huishoudings en nie-winsgewende organisasies (NWO). Vir huishoudings word die inkomste en uitgawes gemeet om te bepaal of die werkgewer die loon verhoging kan bekostig. Indien nie, sal vrystelling toegestaan word. NWO's mag vrygestel word indien daar 'n tekort is of, indien daar 'n surplus is, maar sodanige surplus is nie voldoende om die NML te kan bekostig nie.

## WAT GEBEUR AS VRYSTELLING GOEDGEKEUR WORD?

Die werkgewer wat vrygestel is moet die vrystelling sertifikaat vertoon in die werkplek en afskrifte daarvan aan die Bedingingsraad, aangewese vakbonde en enige werker wat daarvoor vra.

## HERROEPING VAN VRYSTELLING

Enige persoon wat geraak word mag aanlyn aansoek doen om die herroeping van die vrystelling. 'n Vrystelling mag herroep word indien daar grondige redes is, wat insluit:

- Valse of verkeerde inligting wat gelei het tot die goedkeuring van die aansoek
- Die werkgewer voldoen nie aan die vereistes soos vervat in die vrystelling kennisgewing nie
- Die werkgewer se finansiële posisie het tot so 'n mate verbeter dat die die NML betaal kan word.

## RELEVANTE WETGEWING

- Wysigingswet op Basiese Diensvoorwaardes 7 van 2018.
- Wet op Nasionale Minimum Loon 9 van 2018.



**Vir meer inligting kontak die KVBA sentrale kontaknommer 0861 161616 of besoek ons webtuiste by www.ccma.org.za of u kan die KVBA toep aflaai #CCMAConnect**